DEEL 118 | WEEK 18 | 30 APRIL 2026 | R5

HEILBRON HERALD



# Wêreldboekedag: Bladsye word 'n werklikheid

*Van bladsye na skoolbanke. Leerders en onderwysers het op Vrydag, 25 April, Wêreldboekdag op 'n kleurvolle en kreatiewe wyse gevier. Elke leerder en onderwyser het soos hul gunsteling boekkarakter aangetrek, wat die dag ekstra spesiaal gemaak het. Van bekende sprokiesfigure tot moderne helde kon oral gesien word. Die opgewondenheid en liefde vir lees was duidelik sigbaar. Dit was 'n dag vol pret, verbeelding en inspirasie.*

# Heilbron-speler gekroon as NV kampioen

Heilbron Rolbalklub (HRK) vier 'n besonderse prestasie nadat een van hul eie, Sonja Muller, die afgelope naweek as kampioen gekroon is tydens die Noord-Vrystaat Enkelspelkampioenskappe.

Drie spelers van HRK het aan die gesogte toernooi deelgeneem, waarvan die streek se beste rolbalspelers teen mekaar meegeding het. Die kampioenskappe, wat jaarliks aangebied word, lok deelnemers van regoor die Noord-Vrystaat en word gekenmerk deur hoë vlakke van mededinging en uitstekende sportmangees.

Muller het deurgaans indrukwekkende spel gelewer en haar teenstanders met selfvertroue en presisie uitgestof om uiteindelik die titel in te palm. Haar oorwinning is 'n bewys van die ure se harde werk, toewyding en volgehoue oefening wat sy in haar spel belê.

"Hierdie prestasie kom nie sommer oornag nie," het 'n trots klubverteenwoordiger gesê. "Dit verg deursettingsvermoë, dissipline en 'n ware liefde vir die sport."

Die prestasie is nie net 'n persoonlike hoogtepunt vir Muller nie, maar ook 'n groot eer vir die Heilbron Rolbalklub, wat haar as een van hul uitblinkers beskou. Die klub is uiters trots op hul "superster" en sien uit na nog groot dinge wat voorlê.



*Sonja Muller*






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Vryheidsdag 2026: 'n Dag van Menswaardigheid, Verbondenheid en Sosiale Verantwoordelikheid*

**• *Elmarie Els-Hammann***

Op 27 April 2026 vier Suid-Afrika weer Vryheidsdag – 'n dag wat vir baie mense 'n diep simboliese betekenis dra. Alhoewel die dag histories geanker is in belangrike gebeure, bied dit ook 'n waardevolle geleentheid om vanuit 'n maatskaplike oogpunt te reflekteer oor wat vryheid vandag werklik beteken in ons gemeenskappe. Vryheid is nie net die afwesigheid van beperking nie; dit is die teenwoordigheid van menswaardigheid, geleenthede en ondersteuning. Dit word sigbaar in die alledaagse lewens van mense – in hoe veilig iemand voel in hul eie huis, of 'n kind toegang het tot kwaliteit opvoeding, of 'n gesin genoegsame ondersteuning het om uitdagings te hanteer. Wanneer hierdie elemente ontbreek, raak vryheid 'n abstrakte konsep eerder as 'n werklikheid. In baie gemeenskappe bly sosiale uitdagings 'n groot realiteit. Armoede, werkloosheid, gesinsgeweld, middelmisbruik en verlies beïnvloed steeds die welstand van individue en gesinne. Hierdie uitdagings raak nie net volwassenes nie, maar het 'n direkte impak op kinders en jongmense. Kinders wat grootword in onstabiele omgewings ervaar dikwels onsekerheid, angs en 'n gebrek aan hoop – faktore wat hul ontwikkeling en toekomsvooruitsigte kan beïnvloed.


Vanuit 'n maatskaplike perspektief is dit daarom noodsaaklik om te erken dat vryheid ook beteken om kwesbares te beskerm en te ondersteun. Dit vra van gemeenskappe om aktief betrokke te raak en om nie weg te kyk van nood nie. Ware vryheid groei waar mense mekaar raaksien, mekaar se menswaardigheid erken en bereid is om saam oplossings te bou. Gesinne vorm die kern van hierdie ondersteuningstelsel. Dit is binne die huis waar kinders hul eerste begrip van veiligheid, liefde en aanvaarding ontwikkel. Wanneer ouers en versorgers bewus tyd maak vir oop en eerlike gesprekke, skep dit 'n ruimte waar kinders hul emosies kan verwerk en verstaan. Selfs moeilike temas soos verlies, verandering en trauma kan op 'n sensitiewe en ouderdomstoepaslike manier bespreek word. Hierdie tipe ondersteuning bou veerkragtigheid en help kinders om uitdagings beter te hanteer. Verder speel skole, kerke, nie-regeringsorganisasies en maatskaplike dienste 'n onmisbare rol in die bevordering van welstand. Hierdie strukture bied nie net praktiese hulp nie, maar ook emosionele en psigososiale ondersteuning. Hulle skep ruimtes waar mense gehoor word en waar daar doelbewus gewerk word aan herstel, groei en ontwikkeling. Dit is egter belangrik om te erken dat ondersteuning soms verder as die onmiddellike gemeenskap moet strek. Indien daar 'n behoefte is aan dieper gesprekvoering of professionele begeleiding, is dit wys om hulp in te win by opgeleide maatskaplike werkers of geestelike leiers. Om hulp te vra is 'n daad van moed en 'n belangrike stap na genesing en stabiliteit.




Vryheidsdag bied ook 'n geleentheid vir selfondersoek. Dit nooi elke individu om te vra: Hoe dra ek by tot die welstand van ander? Is ek bewus van die uitdagings in my gemeenskap? En is ek bereid om 'n verskil te maak, al is dit op 'n klein skaal? Klein dade van omgee kan 'n diepgaande impak hê. 'n Luisterende oor, 'n woord van bemoediging of praktiese hulp aan iemand in nood kan hoop herstel waar dit verlore geraak het. Hierdie eenvoudige aksies vorm die boustene van sterker, meer veerkragtige gemeenskappe. Vir kinders is dit veral belangrik dat Vryheidsdag nie net 'n openbare vakansiedag bly nie, maar ook 'n leergeleentheid. Deur met kinders te praat oor waardes soos respek, empatie en verantwoordelikheid, help volwassenes om 'n generasie groot te maak wat nie net hul eie vryheid waardeer nie, maar ook die vryheid van ander respekteer en beskerm.

Uiteindelik herinner Vryheidsdag ons daaraan dat vryheid nie vanselfsprekend is nie. Dit is iets wat voortdurend gebou, beskerm en versterk moet word – nie net op groot skaal nie, maar ook in die klein, alledaagse interaksies tussen mense. Mag 27 April 2026 vir elkeen van ons 'n geleentheid wees om nie net terug te kyk nie, maar ook vorentoe te beweeg – met 'n hernude verbintenis tot menswaardigheid, verbondenheid en sosiale verantwoordelikheid. Want ware vryheid leef daar waar mense mekaar ondersteun, mekaar respekteer en saam werk aan 'n beter toekoms vir almal.

## UIT DIE PEN: Week 18



Kleintyd het ek Het van Verlangekraal op TV gekyk. Ek dink dit was Donderdagaande. Almal bo 45 moet weet van Het. Of ten minste al een keer gehoor het van haar naam.

Die eerste keer wat Het Heiberg van Verlangekraal bekend geword het, was toe Johann Bekker die boek in 1960 uitgegee het. Daarna is daar in 1963 'n rolprent oor Het gemaak. Die rolprent was getiteld "Gee my jou Hand." Die reeks waarna ek in die eerste paragraaf verwys, is in die 1980's gemaak met akteurs soos Emgee Pretorius, Schalk Jacobz, Tromp Terre'blance en Sally Campher. Ek het nooit weer na iets van Schalk Jacobz gekyk nie, want hy sal vir ewig die vieslike Mnr Erlank bly.

Sally Campher het 'n Artestoekenning vir haar spel ontvang.

Het het op Verlangekraal skoolgegaan. Sy was 'n regte terroris. Dit kon seker nie anders nie: haar pa was 'n dronklap wat eendag, lank, lank gelede 'n stasiemeester was. Haar pa het haar gelooi dat die rooi en pers merke oor haar bene lê. Mnr Erlank het ook 'n paar letsels gelos.

Ek kan nog Sally Campher se vuil gesiggie onthou. Haar twee boksterte wat soos 'n besembos staan. Sy het kaalvoet skool toe gegaan want haar ouers het nie genoeg geld gehad vir skoolklere en skoolskoene nie. Haar ouers was bywoners. In daardie jare was die naam "bywoner" 'n amperse skande. Hulle het by Mnr Duvenhage op die plaas geplak in 'n sinkhuisie.

Haar een onderwyser was Mnr Doep. Hy en sy vrou het alles in hulle vermoë probeer om vir Het te help. Die skoolhoof was Mnr Erlank. 'n Sadis. Hy het met almal geraas, maar veral met Het. Hy het met sy lat deur die skooltjie geloop en gekyk wie kan *siepsop en braaiboud* kry.

Nodeloos om te sê: Mnr Doep en Mnr Erlank het nie van mekaar gehou nie. Hulle sou sekerlik nie knus langs mekaar in die personeelkamer gesit en tee drink nie. Waar Mnr Doep die meer saggeaarde onderwyser was, was Mnr Erlank eiewys en bombasties. Hy het geglo dat sy manier die enigste manier was.

Die eerste keer wat Het Heiberg van Verlangekraal bekend geword het, was toe Johann Bekker die boek in 1960 uitgegee het. Daarna is daar in 1963 'n rolprent oor Het gemaak. Die rolprent was getiteld "Gee my jou Hand." Die reeks waarna ek in die eerste paragraaf verwys, is in die 1980's gemaak.

'n Paar jaar gelede was Het ook 'n radiovervolgverhaal.

Wanneer ek en my ouers daarna gekyk het, en ek vies geword het vir die skoolhoof, sou my gryse ou pa altyd sê: "Daar was regtig sulke onderwysers."

My gryse ou pa was in 'n klein plaasskool, Veepos. Ek dink daar was drie onderwysers. Een van hulle was Mnr Bonnet. Dit was blykbaar 'n tiran uit die boonste rakke. Mnr Bonnet het vir my gryse pa, toe nog nie grys nie, Matesis gegee. Ek het ook nie geweet wat Matesis was nie, totdat my gryse ou pa verduidelik het dat dit vandag se ekwivalent van wiskunde is.

Mnr Bonnet het nie praatjies met skoolkinders gemaak nie. Hy het nie daarvoor tyd gehad nie. Hy het wel die lat ingelê, my gryse ou pa het gesê hy was soos Mnr Erlank.

"Daai man," sou my gryse ou pa vertel, "het sulke hande gehad soos varkhamme. Soos 'n tros piesangs. En hy kon jou vreeslik seer klap."

Wanneer hulle maaltafels moes leer, het elke kind aan die linkerkant van hulle tafels gestaan. Bonnet het dan met sy lat deur die klas geloop en tafels vra. Behoede jou siel as jy verkeer sou antwoord.

"Ou Bonnet het jou net een klap gegee sodat jy tot aan die regterkant van jou tafel skuif, net betyds om weer te antwoord wanneer Bonnet by die ander ry begin tafels vra."

My gryse ou pa het nooit gesê wanneer hy nie van iemand gehou het nie, maar ons het geweet dat hy nie lief was vir ou Bonnet nie.

Ek het hierdie naweek weer na Het van Verlangekraal op die verhoog gaan kyk. Mnr Erlank het steeds opgetree soos wat ek gedink het ou Bonnet moes optree. Kinders letterlik aangerand.

En ja, Het was glad nie 'n sonstraal nie. Maar sy het ook nie al die pakslae en vernedering verdien nie.

My hart het uitgegaan na al die kinders wat al in hulle lewe voor my in die klas gesit het. Hoeveel van hulle was 'n "Het" wat swaargekry het by die huis, en 'n dronk pa moes trotseer, voordat hulle skool toe gekom het, en steeds as die belhamel behandel word? As dit nie vir onderwysers soos Mnr Doep was nie, sou die Het's van die lewe nie weer opgestaan het nie.

Want sonder hulp word klein boelies groot boelies. Dis dalk wat destyds met Mnr Erlank en ou Bonnet gebeur het: hulle is kleintyd blootgestel aan boeliegedrag, amper soos wat ek verlede week van gepraat het. En toe word hulle nie reggehelp nie, maar hulle word soos die voorbeeld wat hulle gekry het.

As jy vandag 'n Het is, gaan praat met iemand wat jou kan help. As jy Mnr Erlank of ou Bonnet is, gaan kry dan hulp. Dis nooit te laat nie.

As jy vandag soos 'n bywoner voel, wees 'n goeie bywoner. Onkreukbaar. Met ambisie.

As jy mnr Doep is, hou aan om goed te doen. Dit sal mettertyd vrugte afwerp.

Ek is vandag so jammer dat ek nie altyd 'n Mnr Doep was nie. Ek was ook hardvogtig, het kinders in die klas bang gemaak, ek het hulle ook soms verneder. En hoe spyt is ek nie vandag daaroor nie!


Ek het hierdie week geleer dat elkeen van ons 'n karakter in homself ronddra.

Probeer om die ander karakters dood te leef deur die goeie karakter kans te gee om te ontwikkel.

# Kamera, kleure en kosblikke

## *Heilbron Huis- & Tuinbouklub bied insiggewende vergadering aan*

Die Heilbron Huis- & Tuinbouklub het op Woensdag, 15 April 2026, 'n besonder aangename en leersame vergadering aangebied, waartydens dames waardevolle en praktiese wenke oor fotografie ontvang het.
Bestuurslid, Zeldine Roos, het die onderwerp op 'n eenvoudige en toeganklike wyse aangebied. Sy het beklemtoon dat elke fotograaf 'n unieke styl het – iets wat fotografie juis so interessant en kreatief maak.
Fotografie is 'n wye veld wat verskeie genres insluit, van pasgebore babas en gesinsfoto's tot natuurtonele, skoolfoto's, produkte, asook individuele- en groepfoto's.
By individuele foto's is dit belangrik dat die persoon se gesig helder en duidelik sigbaar is. 'n Ontspanne houding werk die beste: buig een been effens vorentoe, doen iets natuurliks met die hande – soos om dit op die heup of skouer te plaas – en kantel die kop effens indien dit gemaklik voel. 'n Ligte 45°-hoek help om 'n meer natuurlike en vleiende voorkoms te skep.
Met groepfoto's is dit noodsaaklik dat almal duidelik sigbaar en gemaklik geplaas is. Vermy dat mense te styf saamgedruk of te ver uitmekaar staan. 'n Goeie balans tussen voorste, middelste en agterste rye dra by tot 'n netjiese samestelling. Dit is ook nie altyd nodig dat almal direk in die kamera kyk nie – spontane oomblikke lewer dikwels die mooiste foto's.



Daar is ook verduidelik dat kameras met wye lense persone aan die kante groter kan laat voorkom. Dit help om 'n tree of twee terug te staan en die groep mooi te sentreer, eerder as om mense te naby aan die kante te plaas.
Wat kleredrag betref, werk sagte, tydlose kleure die beste. Helder, besige patrone en groot logo's behoort vermy te word, aangesien dit die aandag van die foto aflei.




Selfoonfotografie het ook aandag geniet. Natuurlike lig bly die beste keuse: binnenshuis is dit ideaal om naby 'n venster of deur te staan, terwyl buitefoto's verkieslik in sagte lig of koelte geneem word. Die sogenaamde "golden hour" (net voor sonsondergang) en "blue hour" (net na sonsopkoms) bied besonder mooi ligtoestande.
Vermy dit om te "zoom" – beweeg eerder nader of verder weg. Hou die selfoonlens skoon en neem foto's op oogvlak vir die beste resultate. Vir selfies is dit raadsaam om die foon effens hoër en verder van die gesig te hou, met fokus op die oë vir 'n skerper beeld. Hou dit natuurlik en eenvoudig – minder is dikwels meer.
Die dames is afgesluit met 'n waardevolle herinnering: neem soveel moontlik foto's, want dit is uiteindelik die kosbare herinneringe wat oorbly.
Tydens dieselfde vergadering het die Tuinbou-bestuur ook praktiese en visuele voorbeelde gegee van hoe om 'n gebalanseerde kosblik saam te stel. Bestuurslid, Joanita Claasen, het verduidelik dat elke kosblik uit vier noodsaaklike kategorieë moet bestaan: gesonde koolhidrate, proteïene, gesonde vette, asook groente en vrugte. Hierdie kossoorte voed nie net die liggaam nie, maar dra ook by tot emosies, energie en konsentrasie.
Proteïene help om honger langer te stuit en ondersteun fokus, terwyl koolhidrate as die liggaam se brandstof dien en volhoubare energie verskaf. Groente en vrugte bevorder gesonde spysvertering en versterk die immuunstelsel, terwyl gesonde vette – soos avokado en olyfolie – belangrik is vir breinfunksie en emosionele balans.
Wanneer etes nie gebalanseerd is nie, soos in die geval van kitskos, ervaar 'n mens dikwels wisselende energievlakke, moegheid en swak konsentrasie. Dit kan selfs lei tot geïrriteerdheid en emosionele onstabiliteit. Gedrag soos rusteloosheid by kinders of aanhoudende moegheid by tieners is dus nie altyd 'n dissiplineprobleem nie, maar kan dikwels aan onvoldoende voeding toegeskryf word.
Kinders benodig kosblikke wat ryk is aan "boustene" vir groei en ontwikkeling. Dit moet eenvoudig, kleurvol en interessant wees om hul eetlus te prikkel. Volwassenes fokus eerder daarop om bloedsuikervlakke stabiel te hou en langer versadig te bly deur 'n gebalanseerde verskeidenheid kosse.
Praktiese wenke is ook gedeel om kos vars te hou: gebruik 'n koelhouer, pak kos lugdig en hou verskillende kossoorte apart. Suurlemoensap help om vrugte vars te hou, terwyl blaarslaai gebruik kan word om kos langer vars te laat bly. Vermy dit om warm kos toe te maak.
Kreatiwiteit speel 'n groot rol in kinders se kosblikke. Interessante vormpies, kleurvolle bestanddele en selfs produkte uit die eie groentetuin maak kos meer aantreklik. Dit bied ook 'n geleentheid om kinders op 'n speelse manier van gesonde eetgewoontes te leer.
Kos is meer as net voeding – dit is vreugde en 'n manier waarop liefde daagliks gedeel kan word. 'n Sorgvuldig gepakte kosblik dra by tot 'n gesonde liggaam én 'n gelukkige gemoed.
Na afloop van die inspirerende vergadering het die dames huis toe gegaan met nuwe idees en entoesiasme om kreatiewe kosblikke saam te stel.




# Hiérdie leerders presteer besonders!

Die volgende leerders het bewys dat uithouvermoë en toewyding, onder die begeleiding van Suryn Claasen, werklik vrugte afwerp. Suryn bied ekstraklasse aan vir leerders wat in Fisiese Wetenskappe en Wiskunde wil uitblink, of hul punte wil verbeter, in Heilbron sowel as Frankfort.


Vir kwartaal 1 volg Heilbron se toppresteerders - Amé Naudé spog met 'n uitstekende prestasie van 95% in Wiskunde, terwyl Franco Roos die beste punt in Fisiese Wetenskappe behaal het met 81%.

Frankfort se leerders het ook hul staal gewys. MJ Hattingh behaal 'n sterk 84% in Wiskundige Geletterdheid, terwyl Mari Fourie uitblink as die beste Wiskunde-presteerder met 91%.
Chené Pretorius het die hoogste punt in Fisiese Wetenskappe behaal met 84%.


Belangstellendes wat hul plek wil bespreek vir 2027, kan Suryn op 083 234 9882 kontak. Sy bied nou ook klasse in Wiskundige Geletterdheid aan.


*Mari Fourie*


*Franco Roos*


*MJ Hattingh*


*Amé Naudé*


*Chené Pretorius*




Neem asseblief kennis dat die Heilbron Herald
Vrydag, **1 Mei 2026** (Werkersdag) & Saterdag, **2 Mei 2026** gesluit sal wees.
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**



# HOËRSKOOL HEILBRON SE TOP PRESTEERDERS - KWARTAAL 1

























# KENNISGEWINGS

*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 6055/2025
**Surname:** Kritzinger
**First Names:** Johannes Hermanus Jacobus
**ID Number:** 430407 5020 083
**Last Address:** Portion 154, Farm Vaaldam Settlement Nr. 1777, Heilbron, Free State
**First Names of Surviving Spouse**: Johanna Susanna
**Surname of Surviving Spouse:** Kritzinger
**Id Number of Surviving Spouse:** 480508 0048 083
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Heilbron
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Karen Gerber, K Gerber Attorneys
**Advertiser Address:** Route 21, Corporate Park, 118 Sovereign Drive, Irene, Pretoria, 0062
**Advertiser E-mail:** karen@kgerber.co.za
**Date Submitted:** 2026-04-22
Tel: 084 505 6369
**Publication in the Government Gazette on:** 2026-04-30

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of Regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T6106/2023** passed by
**SUSANNA RIGGS**
**IDENTITY NUMBER: 650507 0073 087**
**Unmarried**
in favour of
**GERHARDUS MATTHEUS MARX**
**IDENTITY NUMBER: 551002 5017 081**
**Married out of community of property**
in respect of:
**ERF 119 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 1071 (ONE THOUSAND AND SEVENTY ONE) SQUARE METRES HELD BY DEED OF TRANSFER T6106/2023,**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 30th day of April 2026.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER (LPCM-58680)**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**REF: MAR4/0020/JHJ/mp**











WINKELURE
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National



**SELF-INKING DATER STAMPS**

**SELF-INKING STAMPS**
Herald
Office National
Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033










**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Herald
Office National

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON


# SMALLS

# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport

# Nuwe vriendskappe rol vorentoe op Vryheidsdag

Op Vryheidsdag het Heilbron Rolbalklub (HRK) nuwe rolbalbande gesmee met hul buurdorp, Deneysville, tydens 'n gesellige en sportiewe kuierdag. Rolbalspelers van albei dorpe het die geleentheid aangegryp om hul liefde vir die spel te deel en terselfdertyd nuwe vriendskappe te bou.

Die Deneysville-klub het die eerste hand van vriendskap uitgereik, en HRK het sonder huiwering die pad aangepak. Die dag was gevul met goeie rolbal, lag en kameraadskap, waar spelers mekaar beter leer ken het op en langs die baan.

Na die wedstryde het die kuier voortgeduur met 'n gesamentlike braai, waar stories gedeel en bande verder versterk is. Die sukses van die dag was duidelik, en deelnemers het eenparig besluit om hierdie tipe kuierdag voortaan twee keer per jaar 'n instelling te maak.

Met só 'n gees van samewerking en gemeenskap, lyk die toekoms vir rolbal in die streek besonder belowend.

# Heilbron-leerders blink uit op rugbyveld

Drie talentvolle leerders van Hoërskool Heilbron, Perez Schoeman, Ewald Schoeman en Rudi Jonker, het onlangs hul staal gewys tydens rugbyproewe en is beloon met opnames in Sasol-spanne.

Die span het kragte gemeet teen spanne van Sasolburg, Vereeniging en Vanderbijlpark, waar die jong spelers hul vaardighede ten toon gestel het. Dit was veral Perez Schoeman wat die oog van keurders gevang het en deurgedring het na die Valke Sedibeng-Suid span. 'n Streekspan wat spelers van onder meer Sasol, Vanderbijlpark, Heilbron, Meyerton en Vereeniging insluit.

Op 26 April het Perez verder sy talent bevestig toe hy in Heidelberg aan proewe deelgeneem het, waar die Valke-span gekies is vir die gesogte Cravenweek-toernooi. Ná sterk vertonings is Perez weereens uit ongeveer 6 000 O/13 rugby seuns gekies om deel te wees van die span wat aan Cravenweek sal deelneem.

Hierdie prestasie is besonders merkwaardig aangesien dit die tweede agtereenvolgende jaar is wat Perez hierdie span haal – 'n duidelike bewys van sy deursettingsvermoë en rugbyvernuf.


Sport lê duidelik diep in die Schoeman-familie se are. Perez se pa, Uaiden Schoeman, is self betrokke by rugby op hoë vlak en is onlangs aangewys as 'n Valke-keurder vir die O/12-span, asook spanbestuurder. Hy het self in 2002 in die Valke-span O/13 gespeel. Hoewel Perez nog O/13 is, is dit 'n besondere voorreg vir pa en seun om saam deel te wees van die Valke-rugbystruktuur.

Die prestasies van hierdie drie leerders is 'n bron van trots vir Hoërskool Heilbron en die breër gemeenskap.













BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 4 MEI 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
STANDERTON Aanlyn speenkalfveiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

DINSDAG - 5 MEI 2026
ERMELO Speenkalfveiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

WOENSDAG - 6 MEI 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
GROENVLEI Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

DONDERDAG - 7 MEI 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

VRYDAG - 8 MEI 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44,
Heilbron

Herald




VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING